**VAN DIE ELJADA HUIS SE TAFEL**
**'N NUUSBRIEF 20 Junie 2013**

Dagsê Almal
Dankie liewe Heer vir ons seëninge wat met baie liefde aan ons geskenk is. Amen.
Vanoggend het ons via die Residentia Stigting in Sunnyside vir al die kindertjies serpe en ander breigoed ontvang om te help in hierdie bibberende koue dae. BAIE DANKIE aan een en elkeen wat 'n stekie gebrei en help toewerk het. Tannie Berta sê haar huisie was lekker deurmekaar met almal se bydrae. Dit is vir ons baie kosbaar.
Ivon se reaksie toe sy haar bril ontvang en opsit was oorstelpheid toe sy skielik weer kan sien wat om haar aangaan. Sy sê sy kan nie onthou wanneer dit vir haar laas moontlik was om ordentlik te kan sien nie en veral haar Bybel te kan lees sonder 'n gesukkel nie.
Ook Jo-anne is verwonderd dat sy nie meer hoofpyn kry nie want die stremming op haar oë was erg en sy het op skool laas bril gedra. Sy is 'n voorslag met die borduurwerk en die bril maak 'n groot verskil vir haar ook en sy lyk so mooi daarmee. Hier het 'n pragtige raam rondgelê wat geskenk was wat ons gebruik het. Sy lyk "cool" soos die jongmense al sê.
Tom was ook in sy skik met sy bril en ons vertrou dit gaan sy leerwerk makliker maak.
Jenny kan weer lekker lees want vir haar kon ons net 'n leesbril by Clicks koop omdat sy nie 'n voorskrifbril nodig gehad het nie.
Dankie aan GK Brooklyn wat bygedra het tot al die brilgoed.
Ek herhaal ook my versoek van verlede week nl.
***GROOT PROBLEEM*** vir my is die gebrek aan ruimte binne die huis waar die werk gedoen word maar as alles goed gaan sal die hersonering en goedkeuring van die bouplan teen einde Julie afgehandel wees. Ons benodig egter dringend R15 000 om die diensteheffing se verhoging te betaal voordat die planne ingedien kan word. As 30 mense elk R500 kan gee het ons voldoende om die wiel aan die rol te kry. Die stadsraad het reeds die R45 000 vir die hersonering aan ons geskenk maar bogenoemde fooi is vir ons rekening.. Ek dink almal wat reeds hier was weet hoe frustrasie dit vir my en Petro is om te funksioneer waar daar nie ruimte is nie. Ek wil ook graag die mans 'n geleentheid bied maar werkspasie bly steeds 'n probleem.
Baie dankie vir die bydraes wat ek reeds ontvang het.
Baie dankie ook vir die ondersteuning t.o.v. kombuisgoedjies en meubels en ek benodig nog die volgende asb.
***Annemarie(39) slaap op die vloer op 'n ou matrassie en benodig 'n enkelbed;***
***Pieter benodig ook 'n enkelbed met matras;***
***Cynthia se 3 kleingoed slaap op die grond en sy vra ook vir bedjies asb.;***
***Jenny, Hetty en Ivon vra strykplanke asb.;***
***Margaret, Hettie en Cynthia het nie strykysters nie;***
***Hettie, Annemarie en Cynthia het nie ketels nie;***
***Margaret, Corrie en Annemarie het niks om op te kook nie en vra 1 of 2 plaat stofies asb.;***
***Corrie bly in 'n wendy waar nie baie spasie is nie en vra vir 'n stapelbedjie asb.;***
***Sonja bly ook saam met haar dogtertjie in 'n wendy met min spasie en vra vir 'n dubbelbed vir hulle twee asb.;***
***Ivon vra net vir 'n ¾ bed matras asb.***

***KOMBUIS KRISIS:***

- ***BLIKKIES*** – vleis, vis en groente
- Soja, rys, sopmengsels, macaroni en spaghetti
- Koffie, tee, suiker en boksmelk
- Broodsmere – margarien, konfyt, . stroop, grondboontjiebotter, Bovril
- Kookolie, eiers en koekmeel
- Vars vleis, eiers, groente en vrugte

Ons het ruim ontvang aan toiletware en het nie nou 'n behoefte nie.

Knielkussings beskikbaar by:
***Faith 0823346384 / faith@faithduriekussings***

Ons bankbesonderhede :
***Eljada Huis, Standard Bank, Montana, Marketlink spaar, 044396058, kode 051001***

***Eljada Huis***
***Boekenhoutkloof straat 949, Claremont.***
***T – 012 377 0503***
***S – 072 855 8289 Annatjie***
***S – 076 738 2623 Petro***
***eljadahuis@mweb.co.za***
***www.eljadahuis.weebly.com***

**Eljada Huis groete. Annatjie**

***DAGBOEK ASB***
***2 November 2013 Markdag***